(*a*) in the case of an employee, other than a part-time employee or a casual employee, one and one third times his weekly wage divided by fifty-eight in respect of each hour or part of an hour in the aggregate of the overtime so worked on any days in any week;

(*b*) in die geval van 'n deeltydse werknemer, een en 'n derde maal sy weekloon gedeel deur vyf-en-dertig ten opsigte van elke uur of deel van 'n uur wat hy al.esaam op enige dae in enige week aldus oortyd gewerk het;

(*c*) in die geval van 'n los werknemer, een en 'n derde maal sy dagloon gedeel deur agt en 'n half vir elke uur of deel van 'n uur wat hy op enige dae aldus gewerk het.

(8) *Voorbehoudsbepalings.*—(*a*) Die bepalings van hierdie klousule geld nie vir 'n bestuurder, nagportier of 'n nagwag nie.

(*b*) Die bepalings van subklousules (2), (3) en (6) geld nie vir 'n werknemer terwyl hy noodwerk verrig nie.

(9) By die toepassing van subklousule (7), word die uitdrukking „loon" geag 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae te beteken.

6. JAARLIKSE VERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousules (2) en (3), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, op elke voltooide tydperk van twaalf maande in sy diens toestaan—

(*a*) in die geval van 'n nagwag, een-en-twintig opeenvolgende kalenderdae verlof;

(*b*) in die geval van enige ander werknemer, veertien opeenvolgende kalenderdae verlof,

en sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof betaal—

(i) in die geval van 'n nagwag, 'n bedrag van minstens driemaal die weekloon waarop hy van die eerste dag van sy verlof af geregtig is;

(ii) in die geval van enige ander werknemer, 'n bedrag van minstens dubbel die weekloon waarop hy van die eerste dag van sy verlof af geregtig is.

(2) Die verlof voorgeskryf in subklousule (1) moet toegestaan word op 'n tyd wat die werkgewer bepaal: Met dien verstande—

(i) dat, as die verlof nie eerder toegestaan is nie, dit, behoudens die bepalings van subklousule (3), só toegestaan word dat dit begin binne twee maande ná voltooiing van die twaalf maande diens waarop dit betrekking het;

(ii) dat die tydperk van verlof nie saamval met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 toegestaan is of, tensy die werknemer dit versoek en die werkgewer skriftelik daartoe instem, met enige tydperk van militêre opleiding nie;

(iii) as Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Geloftedag of Kersdag binne die tydperk van verlof val, vir elke sodanige dag nog 'n dag by gemelde tydperk gevoeg word as 'n verdere tydperk van verlof en vir elke sodanige bygevoegde dag die werknemer 'n bedrag van minstens sy dagloon betaal moet word;

(iv) dat 'n werkgewer alle dae geleentheidsverlof wat hy op die skriftelike versoek van sy werknemer aan hom met volle betaling toegestaan het van sodanige tydperk van verlof kan aftrek.

(3) Op die skriftelike versoek van sy werknemer kan 'n werkgewer die jaarlikse verlof oor 'n tydperk van hoogstens vier-en-twintig maande diens laat oploop: Met dien verstande—

(i) dat die werknemer sodanige versoek doen nie later nie as twee maande ná afloop van die twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het;

(ii) dat die werkgewer die ontvangsdatum van sodanige versoek daarop aanbring en onderteken, en die versoek minstens drie jaar bewaar vanaf sodanige datum of vanaf die afloopdatum van die tydperk van twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het, en wel vanaf die jongste van hierdie datums.

(4) *Verlofbesoldiging.*—Die besoldiging ten opsigte van die jaarlikse verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet voor of op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word.

(5) 'n Werkgewer moet sy werknemer wie se dienskontrak gedurende enige periode van twaalf maande diens beëindig word voordat die verlöftydperk in subklousule (1) voorgeskryf, vir dié tydperk opgeloop het, benewens enige ander besoldiging wat aan hom verskuldig is, vir elke voltooide maand van sodanige diensperiode 'n bedrag betaal van minstens—

(*a*) in die geval van 'n nagwag, een vierde van die weekloon;

(*b*) in die geval van elke ander werknemer, een sesde van die weekloon,

wat hy onmiddellik voor die datum van sodanige beëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer 'n eweredige aftrekking kan maak ten opsigte van enige tydperk van verlof wat ooreenkomstig die derde voorbehoudsbepalings tot subklousule (2) aan 'n werknemer toegestaan is, en voorts met dien verstande dat 'n werknemer—

(i) wat sy diens verlaat sonder om die kennis te gee en die kennisgewingstermyn uit te dien wat by klousule 11 voorgeskryf word (tensy die werkgewer van sodanige kennisgewing afgesien het); of

(ii) wat sy diens sonder regsgeldige rede verlaat; of

(iii) wat om 'n regsgeldige rede vir sodanige ontslag deur sy werkgewer sonder kennisgewing ontslaan word,

tot geen betaling kragtens hierdie subklousule geregtig is nie.

(*b*) in the case of a part-time employee, one and one third times his weekly wage divided by thirty-five in respect of each hour or part of an hour in the aggregate of the overtime so worked on any days in any week;

(*c*) in the case of a casual employee, one and one third times his daily wage divided by eight and a half in respect of each hour or part of an hour so worked on any day.

(8) *Savings.*—(*a*) The provisions of this clause shall not apply to a manager, a night porter or a night watchman.

(*b*) The provisions of sub-clauses (2), (3) and (6) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work.

(9) For the purpose of sub-clause (7) the expression "wage" shall be deemed to mean an employee's wage plus his cost of living allowance.

6. ANNUAL LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clauses (2) and (3), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed twelve months' employment with him—

(*a*) in the case of a night watchman, twenty-one consecutive calendar days' leave;

(*b*) in the case of every other employee, fourteen consecutive calander days' leave;

and shall pay such employee in respect of such leave—

(i) in the case of a night watchman, an amount of not less than three times the weekly wage to which he is entitled as from the first day of his leave;

(ii) in the case of every other employee an amount of not less than double the weekly wage to which he is entitled as from the first day of his leave.

(2) The leave prescribed in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that—

(i) if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in sub-clause (3), be granted so as to commence within two months after the completion of the twelve months of employment to which it relates;

(ii) the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor, unless the employee so requests and the employer agrees in writing, with any period of military training;

(iii) if New Year's Day, Good Friday, the Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave, another day shall for each such day be added to the said period as a further period of leave, and the employee shall, in respect of each such day added, be paid an amount of not less than his daily wage;

(iv) an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employee at the latter's written request during the period of twelve months of employment to which the period of annual leave relates.

(3) At the written request of an employee an employer may permit the annual leave to accumulate over a period of not more than twenty-four months of employment: Provided that—

(i) such request is made by the employee not later than two months after the expiry of the twelve months' employment to which the leave relates;

(ii) the date of receipt of such request shall be endorsed on it over his signature by the employer, who shall retain the request for a period of not less than three years from such date or the date of expiry of the period of twelve months' employment to which the leave relates, whichever is the later.

(4) *Leave Remuneration.*—The remuneration in respect of the annual leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave.

(5) An employee whose contract of employment is terminated during any twelve months of employment with the same employer before the period of leave prescribed in sub-clause (1) in respect of that period has accrued shall, upon such termination and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid by his employer, in respect of each completed month of such period of employment, an amount of not less than—

(*a*) in the case of a night watchman, one fourth of the weekly wage;

(*b*) in the case of every other employee, one sixth of the weekly wage,

he was receiving immediately before the date of such termination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee in terms of the third proviso to sub-clause (2) and provided further that an employee—

(i) who leaves his employment without having given and served the period of notice prescribed in clause 11, unless the employer has waived such notice; or

(ii) who leaves his employment without cause recognised by law as sufficient; or

(iii) who is dismissed by his employer without notice for any cause recognised by law as sufficient for such dismissal without notice,

shall not be entitled to any payment by virtue of this sub-clause.

(6) Aan 'n werknemer wat tot 'n tydperk van verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), geregtig geword het en wie se dienskontrak beëindig word voordat sodanige verlof toegestaan is, moet by sodanige beëindiging die bedrag betaal word wat hy ten opsigte van die verlof sou ontvang het as die verlof op die datum van beëindiging aan hom toegestaan was.

(7) By die toespassing van hierdie klousule word die uitdrukking „diens" geag ook elke tydperk te omvat ten opsigte waarvan 'n werkgewer kragtens subklousule (1) van klousule 11 'n werknemer betaal in plaas van kennis van diensbeëindiging te gee en ook elke tydperk en alle tydperke waarin 'n werknemer afwesig is—

(*a*) met verlof ingevolge subklousule (1);

(*b*) met siekteverlof ingevolge klousule 7;

(*c*) op las of versoek van sy werkgewer;

(*d*) vir militêre opleiding;

en wel tot die totaal in enige jaar van altesaam hoogstens tien weke ten opsigte van gronde (*a*), (*b*) en (*c*), plus enige tydperk van militêre opleiding wat hy in dié jaar ondergaan het, en diens word geag te begin—

(i) in die geval van 'n werknemer wat voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling tot verlof kragtens enige wet geregtig geword het, op die datum waarop sodanige werknemer die vorige maal tot sodanige verlof kragtens sodanige wet geregtig geword het;

(ii) in die geval van 'n werknemer wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie Vasstelling in diens was en vir wie enige wet gegeld het wat vir jaarlikse verlof voorsiening maak, maar wat nog nie tot verlof ingevolge daarvan geregtig geword het nie, op die datum waarop sodanige diens begin het;

(iii) in die geval van enige ander werknemer, op die datum waarop sodanige werknemer by sy werkgewer in diens getree het, of op die datum van inwerkingtreding van hierdie Vasstelling, en wel op die jongste van die twee datums.

(8) By die toepassing van hierdie klousule word die uitdrukking „loon" geag 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae te beteken

7. SIEKTEVERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat weens ongeskiktheid uit sy werk afwesig is, minstens vier-en-twintig werkdae siekteverlof altesaam toestaan gedurende elke tydkring van vier-en-twintig opeenvolgende maande diens by hom, en ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid ingevolge hierdie klousule, moet hy sodanige werknemer minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy gedurende sodanige tydperk gewerk het: Met dien verstande—

(i) dat gedurende die eerste vier-en-twintig opeenvolgende maande diens 'n werknemer tot hoogstens een werkdag siekteverlof met volle betaling op elke voltooide maand diens geregtig is;

(ii) dat hierdie klousule nie geld vir 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes, minstens gelyk aan dié wat die werknemer daarin stort, betaal aan enige fonds of organisasie wat die werknemer aanwys en wat aan die werknemer, by ongeskiktheid in die omstandighede in hierdie klousule vermeld, betaling waarborg van altesaam minstens die ekwivalent van sy loon vir vier-en-twintig werkdae in elke tydkring van vier-en-twintig maande diens, behalwe dat gedurende die eerste vier-en-twintig maande waarin die werknemer bydraes stort, die gewaarborgde tarief nie die koers van aanwas soos uiteengesit in die eerste voorbehoudsbepaling tot hierdie subklousule, hoef te oorskry nie;

(iii) dat indien 'n werkgewer ingevolge enige wet gelde vir hospitaal- of mediese behandeling ten opsigte van 'n werknemer moet betaal, en sodanige gelde wel betaal, die aldus betaalde bedrag afgetrek kan word van die bedrag wat ingevolge hierdie klousule ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid verskuldig is;

(iv) dat indien ten opsigte van enige tydperk van ongeskiktheid wat deur hierdie klousule bedoel word, 'n werkgewer by enige ander wet verplig word om 'n werknemer sy volle loon te betaal, die bepalings van hierdie klousule nie geld nie.

(2) Voordat 'n werkgewer enige bedrag betaal wat 'n werknemer kragtens hierdie klousule eis ten opsigte van afwesigheid uit sy werk gedurende 'n tydperk wat strek oor meer as drie opeenvolgende kalenderdae, kan hy vereis dat die werknemer 'n sertifikaat, geteken deur 'n geneesheer, voorlê wat die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid bevestig.

(3) Wanneer 'n werknemer gedurende die eerste tydkring van vier-en-twintig maande diens by dieselfde werkgewer weens ongeskiktheid 'n langer tydperk afwesig is as die siekteverlof wat hom ten tyde van sodanige ongeskiktheid toekom, is hy geregtig tot betaling vir slegs dié siekteverlof wat hom dan toekom: Met dien verstande dat, tensy die werkgewer dit reeds gedoen het, hy by die verstryking van sodanige tydkring, of by diensbeëindiging voor sodanige verstryking die werknemer ten opsigte van sodanige langer tydperk van afwesigheid weens ongeskiktheid moet betaal vir sover die siekteverlof wat by sodanige verstryking of beëindiging opgeloop het, nie gebruik is nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule—

(*a*) word die uitdrukking „loon" geag 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae te beteken;

(6) An employee who has become entitled to a period of leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), and whose contract of employment is terminated before such leave has been granted shall, upon such termination, be paid the amount he would have received in respect of the leave had the leave been granted to him as at the date of termination.

(7) For the purpose of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period in respect of which an employer, in terms of sub-clause (1) of clause 11, pays an employee in lieu of notice, and also any period or periods during which an employee is absent—

(*a*) on leave in terms of sub-clause (1);

(*b*) on sick leave in terms of clause 7;

(*c*) on the instructions or at the request of his employer;

(*d*) undergoing any military training,

amounting in the aggregate in any year to not more than ten weeks in respect of items (*a*), (*b*) and (*c*), plus any period of military training undergone in that year, and employment shall be deemed to commence—

(i) in the case of an employee who had before the coming into force of this Determination become entitled to a period of leave in terms of any law, on the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;

(ii) in the case of an employee who was in employment before the date of commencement of this Determination and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to a period of leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;

(iii) in the case of any other employee, on the date on which such employee entered his employer's service or the date of the comming into force of this Determination, whichever is the later.

(8) For the purpose of this clause the expression "wage" shall be deemed to mean an employee's wage plus his cost of living allowance.

7. SICK LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, who is absent from work through incapacity not less than twenty-four work day's sick leave in the aggregate during each cycle of twenty-four consecutive months of employment with him and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms hereof not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that—

(i) in the first twenty-four consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than one work day in respect of each completed month of employment;

(ii) this clause shall not apply to an employee at whose written request an employer makes contributions, at least equal to those made by the employee, to any fund or organisation nominated by the employee, which fund or organisation guarantees to the employee, in the event of his incapacity in the circumstances set out in this clause the payment to him of not less than in the aggregate the equivalent of his wage for twenty-four work days in each cycle of twenty-four months' employment, except that during the first twenty-four months of the payment of contributions by the employee, the guaranteed rate need not exceed the rate of accrual set out in the first proviso to this sub-clause;

(iii) where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of absence owing to incapacity in terms of this clause;

(iv) if, in respect of any period of incapacity covered by this clause, an employer is required by any other law to pay to an employee his full wages, the provisions of this clause shall not apply.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount which under this clause an employee claims in respect of any absence from work for a period covering more than three consecutive calendar days, require the employee to produce a certificate signed by a medical practitioner confirming the nature and duration of the employee's incapacity.

(3) Where, during the first cycle of twenty-four months of employment with the same employer, an employee is absent owing to incapacity for a period in excess of any sick leave accrued at the time of such incapacity, he shall be entitled to be paid only in respect of such sick leave as has so accrued: Provided that his employer shall, if he has not previously done so, at the expiry of the said cycle of employment, or on termination of employment before such expiry, pay him in respect of such excess period of absence owing to incapacity to the extent to which sick leave, accrued at such expiry or termination, has not been taken.

(4) For the purpose of this clause the expression—

(*a*) "wage" shall be deemed to mean an employee's wage plus his cost of living allowance;

(*b*) het die uitdrukking „diens" dieselfde betekenis as dié wat in subklousule (7) van klousule 6 daaraan geheg word: Met dien verstande dat enige tydperk wat 'n werknemer by dieselfde werkgewer gedien het onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Vasstelling, vir die doel van hierdie klousule geag word diens ooreenkomstig hierdie Vasstelling te wees, en dat siekteverlof met volle betaling wat gedurende sodanige tydperk van so 'n werknemer toegestaan is, geag word ingevolge hierdie Vasstelling toegestaan te gewees het;

(*c*) beteken die uitdrukking „ongeskiktheid" die onvermoë om te werk weens siekte of besering, behalwe as dit deur die werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat, as die onvermoë om te werk te wyte is aan 'n ongeluk waarvoor ingevolge die Ongevallewet, 1941, vergoeding betaalbaar is, dit geag word ongeskiktheid te wees slegs ten opsigte van 'n tydperk van onvermoë om te werk waarvoor geen vergoeding weens arbeidsongeskiktheid ingevolge gemelde Wet betaalbaar is nie.

8. OPENBARE VAKANSIEDAE.

(1) Behoudens die bepalings van klousule 4 (6), moet 'n werkgewer aan 'n werknemer wat op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Geloftedag of Kersdag nie werk nie, vir die maand waarin so 'n dag val, minstens sy maandloon betaal.

(2) As 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werkgewer—

(*a*) sodanige werknemer ten opsigte van elke sodanige dag gewerk minstens een en 'n half maal sy dagloon betaal; of

(*b*) sodanige werknemer ten opsigte van elke sodanige dag gewerk een ekstra dag jaarlikse verlof toestaan.

(3) Hierdie klousule is op 'n bestuurder, 'n opsigter of 'n los werknemer nie van toepassing nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule beteken die uitdrukking „loon" 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae.

9. VERHOUDINGSYFER.

(1) *Klerke.*—'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde manlike of vroulike klerk in diens neem nie tensy hy onderskeidelik 'n gekwalifiseerde manlike of vroulike klerk in diens het, en vir elke sodanige gekwalifiseerde manlike of vroulike klerk kan hy hoogstens een ongekwalifiseerde manlike of vroulike klerk in diens neem, na gelang van die geval.

(2) *Koks.*—'n Werkgewer mag nie—

(*a*) 'n ongekwalifiseerde kok in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde kok in sy diens het en vir elke sodanige gekwalifiseerde kok kan hy hoogstens een ongekwalifiseerde kok in diens neem;

(*b*) 'n koksmaat in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde kok in sy diens het en vir elke gekwalifiseerde kok kan hy hoogstens een koksmaat in diens neem.

(3) *Kelners en kelnerinne.*—'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde kelner of kelnerin in diens neem nie tensy hy onderskeidelik 'n gekwalifiseerde kelner of kelnerin in diens het en vir elke sodanige gekwalifiseerde kelner of kelnerin kan hy hoogstens een ongekwalifiseerde kelner of kelnerin in diens neem, na gelang van die geval.

(4) By die toepassing van hierdie klousule—

(*a*) kan 'n werkgewer wat uitsluitlik of hoofsaaklik die werk van 'n besondere klas werknemer verrig, geag word 'n gekwalifiseerde werknemer van dié klas te wees;

(*b*) kan 'n ongekwalifiseerde werknemer wat minstens die loon van 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas ontvang, geag word 'n gekwalifiseerde werknemer te wees.

10. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE.

'n Werkgewer moet alle uniforms, oorpakke of beskermende klere wat hy vereis dat sy werknemer dra of wat enige wet of regulasie hom verplig om aan sy werknemer te verskaf, kosteloos voorsien en in 'n bruikbare en sindelike toestand hou, en alle sodanige uniforms, oorpakke of beskermende klere bly die werkgewer se eiendom.

11. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK.

(1) 'n Werkgewer of 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat sy dienskontrak wil beëindig, moet—

(*a*) gedurende die eerste vier weke diens, minstens vier-en-twintig uur;

(*b*) ná die eerste vier weke diens, minstens een week,

kennis gee van sy voorneme om die kontrak te beëindig; of 'n werkgewer of 'n werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deurdat in plaas van die kennisgewing die werkgewer aan die werknemer minstens die volgende betaal, of die werknemer aan die werkgewer minstens die volgende betaal of verbeur, na gelang van die omstandighede:—

(i) In die geval van vier-en-twintig uur kennisgewing, 'n bedrag gelyk aan die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van 'n week kennisgewing, 'n bedrag gelyk aan die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

(*b*) "employment" shall have the same meaning as that assigned to it in sub-clause (7) of clause 6: Provided that any period of employment which an employee has had with the same employer immediately before the date of the coming into operation of this Determination shall for the purpose of this clause be deemed to be employment under this Determination, and any sick leave on full pay granted to such employee during such period shall be deemed to have been granted under this Determination;

(*c*) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury (other than that caused by an employee's own misconduct): Provided that any inability to work caused by an accident in respect of which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall be deemed to be incapacity only in respect of any period of inability to work for which no disablement payment is payable in terms of that Act.

8. PUBLIC HOLIDAYS.

(1) Subject to the provisions of clause 4 (6), if an employee does not work on New Year's Day, Good Friday, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him for the month in which such day falls not less than his monthly wage.

(2) Whenever an employee works on New Year's Day, Good Friday, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall—

(*a*) pay such employee in respect of each such day worked not less than one-and-a-half times his daily wage; or

(*b*) grant such employee in respect of each such day worked one extra day of annual leave.

(3) This clause shall not apply to a manager, a caretaker or a casual employee.

(4) For the purpose of this clause the expression "wage" means an employee's wage plus his cost of living allowance.

9. PROPORTION OR RATIO.

(1) *Clerks.*—An employer shall not employ an unqualified male or female clerk unless he has in his employ a qualified male or female clerk, respectively, and for each such qualified male or female clerk in his employ he shall not employ more than one unqualified male or female clerk, as the case may be.

(2) *Cooks.*—An employer shall not employ—

(*a*) an unqualified cook unless he has in his employ a qualified cook, and for each such qualified cook in his employ he shall not employ more than one unqualified cook;

(*b*) a cook's assistant unless he has a qualified cook in his employ and for each such qualified cook employed he shall not employ more than one cook's assistant.

(3) *Waiters and Waitresses.*—An employer shall not employ an unqualified waiter or waitress unless he has in his employ a qualified waiter or waitress, respectively, and for each such qualified waiter or waitress in his employe he shall not employ more than one unqualified waiter or waitress, as the case may be.

(4) For the purpose of this clause—

(*a*) An employer who is wholly or mainly engaged in the work of any particular class of employee may be deemed to be a qualified employee of that class;

(*b*) an unqualified employee who is receiving a wage of not less than the wage of a qualified employee of his class may be deemed to be a qualified employee.

10. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING.

An employer shall supply and maintain in a serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall or protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law or regulation he is compelled to provide for his employee, and any such uniform, overall or protective clothing shall remain the property of the employer.

11. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT.

(1) An employer or employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment shall give—

(*a*) during the first four weeks of employment not less than twenty-four hours',

(*b*) after the first four weeks of employment not less than one week's,

notice of his intention to terminate the contract; or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee, or paying or forfeiting to the employer, as the case may be, in lieu of such notice, not less than—

(i) in the case of twenty-four hours' notice, an amount equal to the daily wage which the employee is receiving at the date of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, an amount equal to the weekly wage which the employee is receiving at the date of such termination:

Met dien verstande dat hierdeur onaangetas gelaat word—

(i) die werkgewer of werknemer se reg om op enige regsgeldige grond die kontrak sonder kennisgewing te beëindig;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer wat voorsiening maak vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die werking van enige verbeurings of boetes wat regtens van toepassing is op 'n werknemer wat sy diens verlaat.

(2) Indien daar 'n ooreenkoms ingevolge die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) is, moet die betaling of verbeuring in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die ooreengekome kennisgewingstermyn.

(3) Die kennis in subklousule (1) voorgeskryf kan op enige werkdag gegee word en loop vanaf die dag waarop dit gegee word: Met dien verstande—

(i) dat die kennisgewingstermyn nie mag saamval met, en kennis nie gegee mag word gedurende, 'n werknemer se afwesigheid met verlof toegestaan ingevolge klousule 6, of met enige tydperk van militêre opleiding nie;

(ii) dat kennis nie gegee mag word gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof toegestaan ingevolge klousule 7 nie.

(4) By die toepassing van hierdie klousule word die uitdrukking „loon" geag 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae te beteken.

12. VERBOD OP INDIENSNEMING.

'n Werkgewer mag niemand onder die ouderdom van vyftien jaar in diens neem nie.

13. DIENSSERTIFIKAAT.

'n Werkgewer moet by beëindiging van 'n dienskontrak weens 'n ander rede as diensverlating sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, van 'n dienssertifikaat voorsien wat in hoofsaak die vorm het wat in die bylàag van hierdie Vasstelling voorgeskryf word en wat die volle naam van die werkgewer en van die werknemer, die betrekking van die werknemer, die aanvangs- en die beëindigingsdatum van die kontrak en die besoldiging ten tyde van sodanige beëindiging aangee.

BYLAAG.

Ek/Ons (*a*) .....
wat die bedryf beoefen van hotelhouer, kos- of losieshuishouer of verhuurder van woonstelle of kamers (*a*) te .....
.....
.....
sertifiseer hierby dat .....
by my/ons (*a*) in diens was vanaf die .....
dag van ..... 19..... tot die .....
dag van ..... 19..... in die betrekking van (*b*) ..... By diensbeëindiging was sy/haar (*a*) loon (uitgesonderd lewenskostetoelae) ..... pond .....sjielings en .....
pennies per week/maand. (*a*)

.....
Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger.

Datum.....

(*a*) Skrap wat nie van toepassing is nie.
(*b*) Meld die betrekking waarin die werknemer uitsluitend of hoofsaaklik in diens was, bv. kok, kelner, slaapkamerbediende.

H. W. TINDALE, *Lid.*
J. MARAIS, *Addisionele Lid.*
J. T. LLEWELLYN, *Sekretaris.*

Pretoria, 13 Oktober 1959.

No. 6.] [8 Januarie 1960.

WET OP VAKLEERLINGE, 1944, SOOS GEWYSIG BY WET No. 28 VAN 1951 EN WET No. 29 VAN 1959.

KOMITEE VIR SPOORWEGVAKLEERLINGE.

INTREKKING EN AANWYSING VAN AMBAG EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES.

Namens die Minister van Arbeid en handelende kragtens die bepalings van artikel *sestien* van die Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig, gee ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kennis dat ek—

(i) die ambag „Sinjaalpasser" as 'n aangewese ambag herroep deur die bepalings van Goewermentskennisgewings No. 355 van 8 Maart 1940, No. 2066 van 12 September 1952 en No. 1531 van 24 Oktober 1958 in te trek vir sover hulle op genoemde ambag betrekking het;

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer that that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeiture or penalties which by any law may be applicable in respect of an employee who deserts.

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1), the payment or forfeiture in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in sub-clause (1) may be given on any work day and shall run from the day on which it is given: Provided that—

(i) the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training;

(ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7.

(4) For the purpose of this clause, the expression "wage" shall be deemed to mean an employee's wage plus his cost of living allowance.

12. PROHIBITION OF EMPLOYMENT.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

13. CERTIFICATE OF SERVICE.

An employer shall upon termination of the contract of employment, other than through the desertion of an employee, furnish his employee, other than a casual employee, with a certificate of service substantially in the form prescribed in the schedule to this Determination, showing the full names of the employer and his employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the rate of remuneration at the date of such termination.

SCHEDULE.

I/We (*a*) .....
carrying on business in the trade of hotelkeeper, boarding or lodging housekeeper or in the letting of flats or rooms (*a*) at
.....
.....
hereby certify that .....
was employed by me/us (*a*) from the.....
day of.....19... to the.....
day of.....19... in the occupation of (*b*) ..... At the termination of employment his/her (*a*) wage (excluding cost of living allowance) was .....pounds ..... shillings and .....pence per week/month (*a*).

.....
Signature of Employer.
or Authorised Representative.

Date.....

(*a*) Delete whichever is inapplicable.
(*b*) State occupation in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. cook, waiter, bedroom attendant.

H. W. TINDALE, *Member.*
J. MARAIS, *Additional Member.*
J. T. LLEWELLYN, *Secretary.*

Pretoria, 13th October, 1959.

No. 6.] [8 January 1960.

APPRENTICESHIP ACT, 1944, AS AMENDED BY ACT No. 28 OF 1951 AND ACT No. 29 OF 1959.

RAILWAY APPRENTICESHIP COMMITTEE.

DEDESIGNATION AND DESIGNATION OF TRADE AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, acting in pursuance of the provisions of section *sixteen* of the Apprenticeship Act, 1944, as amended, hereby give notice that I—

(i) dedesignate the trade "Signal Fitter" by withdrawing the provisions of Government Notices No. 355, dated 8th March, 1940, No. 2066, dated 12th September, 1952, and No. 1531, dated 24th October, 1958, in so far as they relate to the said trade;

(ii) die ambag „Elektrotegniese Passer" vir die Suid-Afrikaanse Spoorweg- en Hawensadministrasie in die Unie van Suid-Afrika, vir welke onderneming en gebied die Komitee vir Spoorwegvakleerlinge by Goewermentskennisgewing No. 1462 van 29 Augustus 1923 ingestel is, aanwys as 'n ambag waarop die bepalings van bogenoemde Wet van toepassing is;

(iii) die voorwaardes vir vakleerlingskap wat betrekking het op bywoning van tegniese klasse, betaling van klas- of kursusgeld en eksamengeld en leertyd, soos voorgeskryf in paragrawe 2 en 3 van Goewermentskennisgewing No. 2066 van 12 September 1952 en paragraaf 1 van Goewermentskennisgewing No. 1273 van 14 Augustus 1959, en die kwalifiserende ambagstoets soos voorgeskryf by Goewermentskennisgewing No. 2394 van 9 Desember 1955, as leervoorwaardes voorgeskryf ten opsigte van bovermelde ambag; en

(iv) as 'n leervoorwaarde ten opsigte van die ambag „Elektrotegniese Passer" vir die Spoorwegonderneming in die Unie van Suid-Afrika voorskryf dat die werkgewer elke vakleerling wat in genoemde ambag in sy diens is sodanige opleiding as wat hieronder aangedui is, moet gee:—

PRAKTIESE OPLEIDINGSKURSUS.

Eerste jaar.—Versorging en gebruik van hand- en lugdruk gereedskap, met inbegrip van kap, saag, boor en ruim. Gebruik van snytap en snymoer. Vyl- en skraapwerk tot redelike fyn toleransies en afwerking. Onderrig in eerstehulp en behandeling vir elektriese skok.

Leer van name en gebruik van verskillende soorte gereedskap en eenvoudige instandhouding daarvan (slyp, ens.).

Versorging en gebruik van afmerk- en meetinstrumente soos merkblokke, mikrometers, verniers, binne- en buitemeetpassers, ens.

Onderrig in en demonstrasie van die basiese fisiese eienskappe van die gewone metale en elementêre hittebehandeling van metale.

Gedurende hierdie tydperk moet elke vakleerling vir eie toekomstige gebruik 'n paar eenvoudige stukke gereedskap maak soos 'n ligte hamer, kloutang, ystersaagraam, binne- en buitemeetpassers.

Bediening van masjiene vir boor-, fatsoeneer-, skroefsny- en draaiwerk.

Monteer en grendeling van Meganiese hefboomrame. Vervaardiging van toepaslike sinjaaluitrusting. Opknapping van uitrusting.

Tweede jaar.—Soldeer, met gebruikmaking van blaaslampe en elektriese soldeerboute. Gebruik van smeltmiddels en harpuiskernsoldeersels en versorging van soldeerboute en blaaslampe.

Metodes om installasies te bedraad.

Aarding, een- en tweewegskakelaars, aanleg van verdeelbord en installering daarvan. Las en afhegting van sinjaalkabels. Toets en opsporing van defekte en herstel van meerkernsinjaalkabels.

Gebruik van W.S. en G.S. Volt en ammeter en gebruik van megger.

Kontinuïteitstoetse op kabels en bedrading, isolasie en aardtoetse.

Lees van sinjaalstroomkringe. Bedrading van elektriese sinjaalapparaat met inbegrip van sinjale, dubbellyn-treinbeheerinstrumente, flikkerligte, relês, slotte, stroombrekers en wisselmasjiene.

Elementêre kennis van beginsels van die werking van relês en hefboomslotte.

* Voorkeur sal gegee word aan nuwe aanleg of verandering aan bestaande sinjaalbates of andersins, onderhoud.

Die lê van wissel- en sinjaaldrade, installering van wisselinrigtings, oprigting van sinjaalpale, grendeling van hefboomrame.

(ii) designate in the Union of South Africa for the South African Railways and Harbours Administration for which Undertaking and area the Railway Apprenticeship Committee was established by Government Notice No. 1462, dated 29th August, 1923, the trade of "Electrical Fitter" as a trade to which the provisions of the Act shall apply;

(iii) prescribe the conditions of apprenticeship relating to technical class attendance, payment of class or course and examination fees and period of apprenticeship appearing under paragraphs 2 and 3 of Government Notice No. 2066, dated 12th September, 1952, and under paragraph 1 of Government Notice No. 1273, dated 14th August, 1959, and the qualifying trade test prescribed by Government Notice No. 2394, dated 9th December, 1955, as conditions of apprenticeship in the abovementioned trade; and

(iv) prescribe as a condition of apprenticeship in respect of the trade of "Electrical Fitter" in the Railway Undertaking in the Union of South Africa that the employer shall give every apprentice employed by him in the said trade such training as indicated hereunder:—

PRACTICAL TRAINING COURSE.

First Year.—Care and use of hand and pneumatic tools including chipping, sawing, drilling and reaming. Use of taps and dies. Filing and scraping to reasonably fine tolerances and finish. Instruction in first aid and treatment for electric shock.

Learn names and uses of various tools and simple maintenance thereon (sharpening, etc.).

Care and use of marking out and measuring tools such as scribing blocks, micrometers, verniers, internal and external calipers, etc.

Instruction and demonstration in the basic physical properties of the common metals and elementary heat treatment of metals.

During this period each apprentice should make for his own future use a few simple tools such as a light hammer, a tommy bar with claw, a hacksaw frame, inside and outside calipers.

Operation of machines for drilling, shaping, screwing and turning.

Assembly and locking of mechanical lever frames. Fabrication of signalling gear as applicable. Overhaul of equipment.

Second Year.—Soldering, using blowlamps and electric soldering irons. Use of fluxes and rosin-cored solders and care of soldering irons and blowlamps.

Installation wiring methods.

Earthing, single and two-way switches, distribution board layout and installation. Jointing of signalling cables and termination. Testing and fault finding and repair of multicore signalling cables.

Use of A.C. and D.C. Volt and Ammeter and use of Megger.

Continuity tests on cables and wiring, insulation and earth testing.

Reading of signalling circuits. Wiring of electrical signalling apparatus including signals, double line train control instruments, flash-lights, relays, locks, circuit breakers and point machines.

Elementary knowledge of principles of operation of relays and lever locks.

* Preference shall be given to new construction or alteration to existing signalling assets, or, alternatively, maintenance.

Running of connections, installation of points gear, erection of signal posts, locking of lever frames.

Derde en Vierde jaar.—Voortgesette opleiding in meganiese sinjalering genoem in paragraaf * hierbo. Ook opleiding in *elektriese sinjalering*, met inbegrip van die lê van kabels, laswerk, kabels etiketteer en en afheg, installering van spoorstroomkringe, dubbellyntreinbeheerinstrumente, flikkerligsinjale by spooroorgange, kleurligsinjale, wisselmasjiene, relêbedrading, transformators, kondensators, gelykrigters, batterye, ens.

Outomatiese kleurligsinjaalstelsels.

Geheel-elektriese kragsinjaalstelsels met hefboomrame.

Relêgegrendelde sinjaalstelsels.

Afstandbeheerstelsels.

Hoogspanningsregulasies.

Samewerking met spoorbaanpersoneel insake spoorlynbeveiliging.

Vyfde jaar.—Hersiening en onafhanklike werk.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 9.] [8 Januarie 1960.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

LANDDROSDISTRIK WAKKERSTROOM.

Namens die Minister van Arbeid verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, dat Goewermentskennisgewing No. 2256 van 15 September 1950 met ingang van 1 April 1960 gewysig word deur die woord „ Wakkerstroom " te skrap.

Die strekking van hierdie kennisgewing is dat alle persone wat in die woordbepaling van „ Bydraer " in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word en wat in die landdrosdistrik Wakkerstroom in diens is, vanaf 1 April 1960 as bydraers beskou sal word.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 10.] [8 Januarie 1960.

WERKLOOSHEIDVERSEKERINGSWET, 1946.

PERSONE WAT BESKUTTE ARBEID VERRIG.

Namens die Minister van Arbeid verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens subartikel (5) van artikel *twee* van die Werkloosheidversekeringswet, 1946, dat Goewermentskennisgewing No. 587 van 17 Maart 1950 met ingang van 1 April 1960 ingetrek word.

Die strekking van hierdie kennisgewing is dat alle persone wat in die woordbepaling van „ bydraer " in artikel *twee* van genoemde Wet omvat word en wat weens 'n gebrek werksaam is in 'n fabriek wat vir Beskutte Arbeid opgerig is, vanaf 1 April 1960 as bydraers beskou sal word.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 22.] [8 Januarie 1960.

WET OP NYWERHEIDSVERSOENING, 1956, SOOS GEWYSIG.

MOTORNYWERHEID, UNIE VAN SUID-AFRIKA.

HOOFOOREENKOMS.

Onderstaande verbeterings aan Goewermentskennisgewing No. 596 wat in *Buitengewone Staatskoerant* No. 6210 van 24 April 1959 verskyn, word gepubliseer:—

In die Afrikaanse teks van die Ooreenkoms—

(*a*) *Klousule* 17 (1).—Skrap die woorde „ oopmaak of toelaat dat dit oopgemaak word nie " in die vyfde reël en vervang dit deur „ oopmaak, oophou of toelaat dat dit oop is nie—";

Third and Fourth Years.—Continued training on mechanical signalling mentioned in item * above. Also training on *Electrical Signalling* including running of cables, jointing, labelling and terminating same, installation of track circuits, double line train control instruments, level crossing flashlight signals, colourlight signals, point machines, relay wiring, transformers, condensers, rectifiers and batteries, etc.

Automatic colourlight signalling systems.

All electric lever frame power signalling systems.

Relay interlocking signalling systems.

Remote control systems.

High Tension Regulations.

Co-operation with permanent way staff as regards track safety.

Fifth Year.—Revision and independent work.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 9.] [8 January 1960.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

MAGISTERIAL DISTRICT OF WAKKERSTROOM.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, do hereby, in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declare that with effect from 1st April, 1960, Government Notice No. 2256 of 15th September, 1950, is amended by the deletion therefrom of the word " Wakkerstroom ".

The purport of this notice is that all persons falling within the definition of contributor in section *two* of the said Act employed in the Magisterial District of Wakkerstroom will, as from 1st April, 1960, be regarded as contributors.

M. Viljoen,
Deputy-Minister of Labour.

No. 10.] [8 January 1960.

UNEMPLOYMENT INSURANCE ACT, 1946.

PERSONS IN SHELTERED EMPLOYMENT.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, do hereby, in terms of sub-section (5) of section *two* of the Unemployment Insurance Act, 1946, declare that with effect from 1st April, 1960, Government Notice No. 587 of 17th March, 1950, is withdrawn.

The purport of this notice is that all persons falling within the definition of contributor in section *two* of the said Act who are employed on account of disability in any factory established for Sheltered Employment will, as from 1st April, 1960, be regarded as contributors.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 22.] [8 January 1960.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1956, AS AMENDED.

MOTOR INDUSTRY, UNION OF SOUTH AFRICA. MAIN AGREEMENT.

The following corrections to Government Notice No. 596 appearing in *Government Gazette Extraordinary* No. 6210 of the 24th April, 1959, are published:—

In the Afrikaans version of the Agreement—

(*a*) *Clause* 17 (1).—Delete the words " oopmaak of toelaat dat dit oopgemaak word nie " in the fifth line and substitute therefor: " oopmaak, oophou of toelaat dat dit oop is nie—";

(*b*) *Klousule* 17 (2).—Skrap die woorde „ oopmaak of toelaat dat dit oopgemaak word nie " in die derde reël en vervang dit deur „ oopmaak, oophou of toelaat dat dit oop is nie,";
(*c*) *Klousule* 30 (3) (*a*).—Skrap die woord „ bykomende " in die derde reël van subparagraaf (ii).

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

No. 2144.] [31 Desember 1959.

VOORGENOME PROKLAMERING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE PLAAS STRATHMORE No. 436, REGISTRASIEAFDELING I.P., DISTRIK KLERKSDORP, TOT 'N PUBLIEKE DELWERY VIR EDELMETALE.

Sy Eksellensie die Amptenaar belas met die uitoefening van die Uitvoerende Gesag is voornemens om kragtens subartikel (1) van artikel *ses-en-twintig* van die „ Precious and Base Metals Act ", 1908 (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), 'n gedeelte van die plaas Strathmore No. 436, Registrasieafdeling I.P., distrik Klerksdorp, myndistrik Klerksdorp, Provinsie Transvaal, ongeveer 1 morg groot, geregistreer op naam van Joseph Harry Schneider en soos aangetoon op 'n sketskaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Klerksdorp, onder R.M.T. No. 2308 bewaar word, tot 'n publieke delwery vir edelmetale te proklameer.

M.M. 35/290.

DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING.

No. 8.] [8 Januarie 1960.

BEHEER OOR DIE BINNEGAAN VAN EN VERTREK UIT NATURELLEGEBIEDE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by paragraaf (*a*) van subregulasie (2) van regulasie *tien* van die regulasies vervat in die Bylae van Proklamasie No. 52 van 1958, soos gewysig by Proklamasie No. 138 van 1959, verklaar ek, MICHIEL DANIËL CHRISTIAAN DE WET NEL, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, dat, met ingang van die datum hiervan die regulasies vervat in Deel I, gelees met Deel III, van die Bylae van voornoemde Proklamasie No. 52 van 1958, soos gewysig, vir 'n tydperk van 6 maande van toepassing is in al die gebiede gespesifiseer in bygaande Bylae.

M. D. C. DE WET NEL,
Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

45/276 (39).

BYLAE.

1. Al die gebiede genoem in subartikel (1) van artikel *vyf-en-twintig* van die Naturelle-administrasie Wet, 1927 (Wet No. 38 van 1927), en in subartikel (1) van artikel *een-en-twintig* van die Naturelletrust en -grond Wet, 1936 (Wet No. 18 van 1936), wat in die distrik Marico geleë is.

2. Die plase Metz No. 165, Enable No. 159 en Muckle Glen No. 405 (ook bekend as Mamathola se lokasie), geleë in die distrik Letaba.

